SOJABONE

STANDAARDE VIR GRADE VAN SOJABONE

AARD VAN AFWYKING	MAKSIMUM PERSENTASIE TOELAATBARE AFWYKING (m/m)
	Graad SB1
Nat peule	0,2%
Vreemde voorwerpe, insluitende klippies, ander graan en sonneblomsaad: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne perke gespesifiseer in onderstaande *kolomme	4%
* Ander graan	0,5%
* Sonneblomsaad	0,1%
* Klippies	1%
Sojabone en gedeeltes van sojabone wat deur die 4,75mm rondegatsif gaan	10%
Gebrekkige sojabone op die 4,75mm rondegatsif	10%
Vuilgesmeerde sojabone	10%

SKADELIKE SADE

BEPERKINGS

1. **Vir doeleindes van artikel 2(1)(a)(ii) van die Wet, mag geen landbouproduk, behoudens die bepalings van subregulasie (2) –**

   (a) **die sade van *Crotolaria*-spesie (Wilde Lusern), *Datura*-spesie (Olieboom) of *Ricinis communis* (Kasterolies) in groter mate bevat as een saad per 1 000g of 1//1 kg**

   (b) **die sade *Argemone mexicana* L, *Convolvulus*-spesie (Akkerwinde), *Ipomoea purpura* Roth (Purperwinde), *Lilium temulentum* (Drabok), *Xanthium* Strimarium (Kankerroos) en *Xantium Spinosum* (Boetebossie) in groter mate bevat as sewe sade per 1 000g of 7/1 kg van daardie landbouproduk nie.**

2. **Ondanks die bepalings van subregulasie (1), waar 'n landbouproduk sifting of enige ander proses sal ondergaan ten einde die getal toksiese sade van 'n plantasie te verminder voor die verkoop daarvan as 'n voedingsmiddel vir menslike gebruik, is hierdie regulasies alleenlik van toepassing nadat sodanige sifting of ander proses plaasgevind het.**